Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP MAANDAG, 25 JANUARIE 2010 OM 15:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Lede van die Burgemeesterskomitee:
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl M S I Goliath
Rdl J H Cleophas
Ander raadslede:
Speaker, rdh A Johnson
Rdl R J du Plooy
Rdl A C Sedeman
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl W Wilskut

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Administratiewe Beampte: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Rdl J H Cleophas open die vergadering met gebed.

2. NOTULES

Geen

3. NUWE SAKE

3.1 HALFJAARLIKSE BEGROTINGS- EN PRESTASIE-EVALUASIE (2/4/2)

Artikel 72(1) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (MFMA), Wet 56 van 2003 bepaal dat die rekenpligtige beampte teen 25 Januarie van elke jaar die prestasie van die munisipaliteit gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar moet evalueer.

Die halfjaarlikse begrotings- en prestasie-evaluasie soos geëvalueer ingevolge artikel 72(1) van die MFMA is aan die komitee beskikbaar gestel en word breedvoerig behandel deur die Munisipale Bestuurder en die Direkteur: Finansiële Dienste.

BESLUIT/...

3.1/...

BESLUIT
(vir verwysing aan en tertafellegging in die Raad op 28 Januarie 2010)

(a) Dat kennis geneem word van die halfjaarlikse begrotings- en prestasie-evaluasie ten aansoek van die eerste helfte van die 2009/10 finansiële jaar;

(b) Dat, voortspruitend uit bogenoemde [en met verwysing na regulasie 23(1) soos hierbo na verwys], 'n aansuiweringsbegroting op die 2009/10 begroting by die raadsvergadering op 25 Februarie 2010 ter tafel gelê sal word vir oorweging;

(c) Dat die Hoof: Begrotings, in samewerking met die GOP Bestuurder, sal toesien dat in terme van Artikel 72 van die MFMA asook regulasie 35 hierbo, die halfjaarlikse begrotings- en prestasie-evalueringsverslag
   (i) **op datum** (25 Januarie 2010) in sowel geskrewe as elektroniese formaat aan die Nasionale Tesourier en Provinsiale Tesourier beskikbaar gestel en,
   (ii) in terme van regulasie 34(1), **op die laatste teen 1 Februarie 2010** (maar na afloop van die raadsvergadering op 28 Januarie, op die webtuiste geplaas word vir publieke insae.

3.2 VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK VAN GEDEELTE 5 VAN PLAAS RONDEVLEI NO 583, AFDELING MALMESBURY (5/3/1-/15) (WYK 4)

Die item is voorgelê aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 20 Januarie 2010, maar is terugverwys omrede verdere oorweging versoek is ten opsigte van die verkoop van hoenders aan kleiner handelaars/smouse met gepaardgaande druk op toegangsroetes.

Na aanleiding van verdere gesprekke in hierdie verband word –

BESLUIT

(a) Dat die verkoop van produkte/diere vanaf 'n plaas deel is van die normale landbou-aktiwiteite, asook die gebruiksreg wat verkry is en kan hierdie munisipaliteit nie 'n reguleringsmeganisme oplê nie;

(b) Dat daar gevolglik volstaan word met die inhoud van die aangehegte verslag;

BESLUIT DERHALWE VERDER

(c) Dat die aansoek vir 'n vergunningsgebruike op gedeelte 5 van die Rondevlei no. 583, Afdeling Malmesbury ingevolge paragraaf 4.6 van die toepaslike Artikel 8 Ordonnansie 15 van 1985 soneringskemaregulasies vir die bedryf van 'n intensiewevoerboerdery ten einde 8 hoenderhokke (±1800m² per hoenderhok) asook twee addisionele wooneenhede op te rig goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

C1 WATER

(a) dat geen munisipale drinkwater vir die ontwikkeling beskikbaar is nie;

(b) dat die onttrekking van water ooreenkomstig die bepalings van die Departement: Waterwese en Bosbou geregistreer word;

(c) dat die kommentare van die bogenoemde departement by punt C1(a) aan die Departement: Siviele Ingenieursdienste voorsien word;

(d) dat indien die Weskus Distriksmunisipaliteit genader word vir die voorsiening van water, die aansoek eers van die Weskus Distriksmunisipaliteit verwys word vir kommentaar en aan die Departement: Siviele Ingenieursdienste voorsien word, alvorens die aansoek verder oorweeg word;

C2 RIOOL/...

3.2/...

C2 RIOOL

(a) dat slegs huishoudelike riooldienste deur middel van 'n suigtenkvragmotor voorsien word;

(b) dat suigtenke aan die volgende minimum vereistes moet voldoen:
- kapasiteit van 8000ℓ per wooneenheid
- vroulike koppelstuk aan suigkant
- ondeurlaatbare wande;

(c) dat die goedkeuring vanaf die Departement van Waterwese en Bosbou verkry word vir die bestuur en wegdoen van vaste afval en afvalwater;

(d) dat die goedkeuring en kommentare van die departement by punt C2(c) aan die Departement: Siviele Ingenieursdienste voorsien word;

C3 VULLISVERWYDERING

(a) dat daar skriftelik by Munisipaliteit Swartland aansoek gedoen moet word vir die gebruik van enige van die stortingsterreine binne die munisipale area;

C4 ESKOM

(a) dat indien die ontwikkeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word, sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;

(b) dat as veiligheidsmaatreël, die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;

(c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die perseel;

C5 DEPARTEMENT VAN WATERWESE EN BOSBOU

(a) dat skriftelike bevestiging van 'n ooreenkoms met Munisipaliteit Swartland vir die verwydering van huishoudelike vullis aan die Departement: Ontwikkelingsdienste voorsien moet word;

(b) dat 'n afskrif van die kontrak vir die versameling en verwydering van dooie voëls na 'n goedgekeurde perseel aan die Departement: Ontwikkelingsdienste voorsien moet word;

(c) dat 'n afskrif van die kontrak vir die versameling en verwydering van mis aan die Departement: Ontwikkelingsdienste voorsien moet word;

(d) dat die afvalwater verdampingsdam deur die Departement: Ontwikkelingsdienste goedgekeur en geregistreer word;

(e) dat 'n watergebruik aansoek by die Departement: Ontwikkelingsdienste gedoen word;

C6 DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

(a) dat ingevolge artikel 9 van Wet 21 van 1940 is die 95m boubeperkingslyn van toepassing langs Ondergeskikte Pad 5456;

(b) dat die statutêre 5m boulyn van toepassing is langs Ondergeskikte Pad 5456 in terme van artikel 17 van Ordonnansie 19 van 1976;

(c) dat hierdie goedkeuring slegs betrekking het op die voorgelegde aansoek en behels nie vrystelling van enige ander wetlike voorskrifte nie;

(d) dat hierdie goedkeuring sal verval indien daar nie binne vier en twintig (24) maande vanaf 20 Mei 2009 op gehandel word nie;

3.2/...

C7 ALGEMEEN

(a) dat die intensiewevoerboerdery 8 hoenderhokke behels van ±1800m² per hoenderhok vir eierproduksie;

(b) dat die nodige bouplanne vir die totale ontwikkeling aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;

(c) dat ‘n skriftelike kontrak tussen geaffekteerde eienaars, Pioneer Foods (Nulaid) en die padowerheid vir die instandhouding van die ondergeskikte paaie 1157, 227, en 225 as toegangsroete na gedeelte 5 van die plaas Rondevlei no 583 aan hierdie Munisipaliteit voorsien word alvorens enige bouplanne goedgekeur word;

(d) dat daar voldoen word aan die goedkeuringsvoorwaardes opgelê in die Rekord van Besluit van die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning soos vervat in die skrywe gedateer 22 November 2009 met verwysingsnommer E12/2/3/1-F5/14-0210/07;

(e) dat die beswaarmakers op hul reg tot appèl gewys word.

3.3 MANDAAT AAN SALGA AANGAANDE VOORGENOME ELEKTRISITEITSVERHOGINGS DEUR ESKOM (5/4/1/3)

Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy bekommernis uit aangaande die beplande elektrisiteitsverhoging deur Eskom van 35% jaarliks oor die volgende drie jaar en dat die belastingbetaler dit nie kan bekostig nie.

Dit is belangrik dat munisipaliteite in die Wes-Kaap, maar ten minste die Weskusstreek gemobiliseer word om ‘n standpunt in te neem jeens die buitensporige verhoging om aan SALGA te verskaf as ‘n mandaat om tydens onderhandelinge te gebruik.

BESLUIT

Dat opdrag aan die Munisipale Bestuurder, Direkteur: Finansiële Dienste en Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste gegee word om ‘n standpunt voor te lê by die Raadsvergadering van 28 Januarie 2010 aangaande die nie-bekostigbaarheid van die voorgestelde 35% verhoging vir drie agtereenvolgende jare.

3.4 OORWEGING VAN DIE VOORTGESETTE LIDMAATSKAP AAN DIE PENSIOENFONDS VIR RAADSLEDE (MCPF) (3/1/9)

Die Uitvoerende Burgemeester meld dat raadslede van ander munisipaliteite hul bydrae tot die *Municipal Councillors Pension Fund* gestaak het, aangesien daar geen vordering gemaak is ten opsigte van die administrasie van die fonds nie en word –

BESLUIT

Dat die moontlikheid om bydraes tot die *MCPF* te staak tydens die Raadsvergadering van 28 Januarie 2010 bespreek word.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER